



**STREEK
VAALRIVIER**



KERSUITGAWE DESEMBER 2020



BESTUURSLEDE STREEK VAALRVIER



VOORSITTER
Henry Hartsliet

SELFOON NO:
082-419 1505

E-POS ADRES:
hhartsliet2@gmail.com



**ONDER-
VOORSITTER**
Jacques Roux

SELFOON NO:
083-704 4900

E-POS ADRES:
jacquesr@petroindustrial.
co.za



**SEKRETARESSE/
REDAKSIE**
Louisa van Zyl

SELFOON NO:
083-447 5784

E-POS ADRES:
sekretaresse.vaalrivier@
gmail.com OF
kekkelbek.vaalrivier@
gmail.com



**PENNING-
MEESTER**
Elize v d Schyff

SELFOON NO:
072-205 9681

E-POS ADRES:
sawa.vaalpenning@
gmail.com



**TEGNIESE
VERTEEN-
WOORDIGER**
Johan vd Schyff

SELFOON NO:
082-954 7204

E-POS ADRES:
Vdschyffjohan67@
gmail.com

INHOUDSOPGAWE



- Inleiding – What is Christmas? – An Inspirational Message
- Kersgedig
- Kersboodskap van die Voorsitter
- Kersboodskap van die Onder-Voorsitter
- Want so lief het God die wêreld
- Kersboodskap van die Sekretaresse
- Kersboodskap van die Penningmeester
- Kersfeesboodskappe
- Waar kom die Kersboom vandaan?
- Geluk- en Beterskapwense
- Inkleurtyd
- Waar kom Kersvader vandaan?
- Resep: Maklike Vrugtekoek vir Kersfees
- Lag 'n bietjie
- Die skuld is betaal
- 'n Terugblik op 2020
- Kerswense
- Kom Droom Saam
- Die Here is getrou
- 2021 Kampprogram

- Nuwejaarswense vir 2021

INLEIDING



What Is Christmas?

An Inspirational Message

By

Helen Steiner Rice

*I*t's more than a day at the end of the year,

More than a season of *joy* and good cheer –

Christmas is really God's pattern for living,

To be followed all year by unselfish *giving*.

For in giving to others and in being kind

Man finds true joy and *peace* of mind –

And peace on earth will come to stay

When we live *Christmas* every day



*Vir ons is gebore, vir ons is gegee
die ewige Koning, met luister bekleed.
Die hemel en aarde smelt saam in die Kind -
die hoop vir 'n wêreld wat soek en nooit vind.*

BREDA LUDIK

GESEËNDE KERSFEES!

Kersboodskap van die Voorsitter



Goeiedag Sawanante,

En so nader nog 'n jaar ons ten einde. Wat 'n deurmekaar, uitdagende jaar was dit nie vir elkeen van ons op verskillende maniere nie. Die Covid-19 met inperkings het alles en almal se lewens verander. Dit het ons ook weer eens laat beseef dat die lewe kort is en dat ons elke dag as genade uit ons Vader se hand moet ontvang en dit moet geniet.

Dankie vir elkeen se bydrae deur die jaar tot ons laaste kamp in November 2020. Dit was ons Kers- en 40e verjaardagkamp waarmee ons die jaar afgesluit het.

Dankie ook aan die nuwe bestuurslede vir julle positiewe uitkyk en insette vanaf die AJV tot nou. Ek waardeer dit opreg.

Dan wil ek en Wilma van die geleentheid gebruik maak om vir almal 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige 2021 toe te wens.

Baie dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy liefde en genade deur die jaar asook nog 'n geseënde Kerstyd waar ons die geboorte van Jesus kan herdenk en liefde en vreugde kan deel met almal.

Groete tot ons mekaar weer sien.

HENRY HARTSLIEF



Kersboodskap van die Onder-Voorsitter



Goeiedag Vaalrivier- vriende,

Janee, 2020 was 'n jaar vol uitdagings vir 'n ieder en 'n elk van ons. 'n Ernstige toets vir ons geloof en karakter. En deur genade van ons Hemelse Vader het ons veilig aan die ander kant uitgekom.

SAWA Vaalrivier het die afgelope jaar lekker saam gekamp met die gees onder die lede wat besonder goed is. Daar was saam gekuier en gek geskeer, maar ons was ook daar vir mekaar. 'n Hegte kampfamilie.

Mag julle elkeen 'n Christusfees vol liefde, vrede en vreugde ervaar saam met al die spesiale mense in jul lewens. Mag Jesus die middelpunt van jul vieringe wees. Mag jul feesgety gevul wees met liefde, lag en saamwees. Mag elke dag vir julle vreugde bring indie jaar wat voorlê.

Geniet jul vakansietyd en ons sien mekaar in die nuwe jaar.

Kampgroete,
JACQUES ROUX





Want
so lief het
GOD die wêreld
gehad dat Hy Sy eniggebore
Seun gegee het sodat elkeen wat in
Hom glo nie verlore mag gaan nie maar
die ewige lewe kan hê

-Johannes 3:16-





Kersboodskap van die Sekretaresse

KAALVOET KERSGEBED

Heer, so met ons kaalvoetsiele staan ons voor 'n krip en 'n kruis;
sommer so, nes ons is.

Dit is juis in hierdie tyd van die jaar dat ons so naby aan U voel.
Miskien omdat U ons herinner aan hoe naby U aan ons gekom het;
eers in die stal in Bethlehem
en later aan die Kruis op Golgota;
en nou in hierdie stowwerige harte van ons.
Heer, sommer so met ons kaalvoetsiele sien ons,
soos die wyse manne destyds,
U in doeke,
sommer so nes ons is.

Dis dan juis in hierdie tyd van die jaar
dat ons hoor hoe U met kaalvoetmense praat;
omdat U genade ook vir ons genoeg is;
omdat U ons so liefhet dat U bloei en ly vir ons.
Heer, sommer so met kaalvoetsiele vier ons Kersfees hierdie jaar
sommer so, net soos ons is.
En hier raak ons stil en klein
voor U grote majesteit.
Selfs die engele in die Hemel bedek met vlerke hul engel aangesigte.....
Heer, so met ons kaalvoetsiele:
neem tog aan ons Kersgedig.

LOUISE





Kersboodskap van die Penningmeester

BIETJIE HUMOR.....

Dit is weer daardie tyd van die jaar. KERSFEES!! Vir die afgelope vyf maande kry jy al ligte hartkloppings hieroor.

Die nuus het reeds in Mei gekom: Kersfees word vanjaar wéér by jou huis gevier. Jy is vyf grys hare en drie spatate ryker na die aankondiging. Daar gaan jou vakansie by die see. Jy gaan nou al op 40 moet aftree van al die spanning. Die res van die familie het al in Januarie verskonings opgedis: Jou skoonsuster se dak lek, jou broer se hond het vlooi en jou swaer se potplante is sensitief vir geraas.

Nietemin stem jy in om Kersfees by jou hou te hou, dis mos maar wat familie doen. Jy is verantwoordelik vir sewe verskillende vleisborde, vyf slaai en die gemoedstoestand van sowat 18 gaste. Die hele familie het besluit om te kom: Dié wat jy ken, dié wat jy nie ken nie en dié wat jy nie wil ken nie.

Vir maande berei jy voor, nie eers die Kook en Geniet help nie. Jy kook, maar jy geniet niks. Jy het nog nooit vantevore koekstruif gemaak nie. Dit klink in elk geval effens verkeerd.

Uiteindelik breek die groot dag aan. Dit is voor agt die oggend en jy oorweeg reeds 'n interdik teen jou skoonma en moord op jou man. Teen sy sin het jy hom in 'n baie noupassende Kersvadergewaad gedwing. Meer pens as mens, sou jy kon sê. Van ver af lyk hy soos 'n bloedklont.

Uiteindelik daag die familie op. Hulle is ingeprop en uitgedos in dergelike skakerings van rooi en groen. Al wat 'n rekstof is word ingespan om die kurwes van laas Kersfees te bedwing.

Jy weet nie wie sweet méér nie: die "gammon" onder daardie kleefplastiek of jy nie. Daar is nie 'n frikkadel in hierdie land wat die geleentheid ontsnap het nie. Hulle lê so styf teen mekaar, jy verwag 'n klag van betasting. Al wat 'n worsie is, deel 'n stokkie met 'n kasie en iemand het dit

sleggedink om aspersies te bring (Kersfees is mos nie traumaties genoeg nie).

Die gaste het skaars opgedaag toe begin dinge skeefloop: die trifle bewe, jou kind is allergies vir plastiekbome en Kersvader se onderste knoop wil nie toe nie.

Tog hou jy moed. Gelukkiger tye kom mos altyd in die vorm van 'n klein pakkie onder die Kersboom.

Verkeerd!!!!

Jou 7-jarige is diep geruk. Dis toe nou nie die dubbelkajuit-Hilux-bakkie wat hy verwag het nie. Wat 'n teleurstelling. Na sy verwonding glo hy nou nie meer in Kersvader, die tandemuis of Sondagskool nie.

Almal moet nou maar net verstaan: jy kon nie daardie een-vir-die-prys-van-twee-winskopie op seep mis nie.

Na wat voel soos vyftig ure besluit die familie uiteindelik om te loop. Jou skoonsuster klim in haar Merc. Sy praat so baie daaroor, jy ken al die hele onderstel. Jou broer kry sy kroos van ses bymekaar, want "vyf was net nie genoeg nie". Let wel, twee van hulle is steeds soek na verlede Kersfees.

Party ry by die hek uit, ander vlieg ... op hul besems.

Vir die eerste keer sedert Mei, kan jy asemhaal. Jy staar in afgryse na alles om jou: die vuil kombuis, die gat wat jou susterskind in die leerbank gebyt het en jou lus vir die lewe wat op die vloer lê.

Net vir 'n oomblik besef jy: dit gaan nie oor j^óu nie. Vir daardie een dag in die jaar gaan dit nie oor die kwaliteit van die olywe, die skakering van die tafeldoek of die hoeveelheid keer wat jou kind sy vinger in die hoenderpastei gedruk het nie.

Dit gaan oor familie. Jy kan hulle nie kies nie. Hulle kan jou nie kies nie.

Voor jy jou oë uitvee is dit 25 Desember 2020 . Ag weet jy, dan doen jy dit sommer weer! Nie omdat jy moet nie. Omdat jy wil.

Laat ons nie vergeet waaroor Kersfees gaan. Dis 'n tyd om saam te wees, 'n tyd om te gee, 'n tyd om te deel.

GESEENDE KERSFEES AAN ALLE FAMILIE, VRIENDE EN VREEMDELINGE!!

ELIZE



Kersgeskenke om te gee

Vir jou vyand - Vergifnis

Vir jou opponent - Verdraagsaamheid

Vir jou vriend - Jou hart

Vir ñ kind - ñ Goeie voorbeeld

Vir jouself - Respek

Vir almal -

Liefde





WAAR KOM DIE KERSBOOM VANDAAN?

Daar is verskillende legendes om die oorsprong van die kersboom mee te verklaar.

Een storie vertel dat dit begin het by die Engelse monnik Bonifacius, wat die kerk in Frankryk en Duitsland georganiseer het. Eendag op een van sy reise het hy op 'n groep barbaarse heidene afgekom wat rondom 'n groot eikeboom op die punt was om 'n kind te offer aan die god Thor.

Om hierdie ritueel te stop en die kind se lewe te red, het Bonifacius met een vuishou die eikeboom neergevel. In die plek daarvan het dadelik 'n klein denneboompie gegroei. Die heilige Bonifacius het vir die heidene verduidelik dat daardie boompie die Boom van die Lewe was en die ewige lewe in Christus simboliseer.

Nog 'n legende vertel dat Martin Luther, die groot kerkhervormer, een Oukersaand deur die woud gestap het. Hy het hom geloop en verwonder aan die miljoene sterre wat skyn deur die blare van die dennebome. Hy was so opgewonde dat hy 'n klein boompie afgesny het en dit huis toe gevat het na sy familie toe. Om die sterliggies wat hy in die woud gesien het vir hulle te kan wys het hy kersies op die takke van die boompie gesit.

Nog 'n verhaal vertel van 'n arm houtkapper wat lank gelede een Oukersaand 'n verdwaalde, honger kind teëgekom het. Alhoewel hy self baie arm was het hy vir die kind kos en slaapplek vir die nag gegee. Die volgende oggend toe hy wakker word was daar 'n glinsterende klein boompie buite sy deur. Die honger kind was in werklikheid die Christuskind in 'n vermomming. Die boompie was 'n geskenk om die goeie man vir sy welwillendheid te bedank.

Sommige mense voel die kersboompie se oorsprong lê by die sogenaamde "paradysdrama". In die Middeleeue kon meeste mense nie lees nie en dramas is gebruik om die lesse van die Bybel oral oor Europa aan mense oor te dra. Die paradysdrama het die skepping en sondeval van die mens uitgebeeld. Elke jaar op 24 Desember is die drama opgevoer. Omdat dit in die winter gedoen is, het dit 'n probleem geskep. 'n Appelboom was nodig maar daar was nie appels in die winter nie. 'n Denneboom is dus met vrugte behang en so het ons kersboom uiteindelik ontstaan.

In Duitsland was die kersboom van vroeg af 'n simbool van die boom van die lewe in die paradys. Daarby het Duitse gelowiges ook 'n houtstruktuurtjie in die vorm van 'n houtpiramidetjie gebruik en op elke trappie 'n kersie geplaas. Dit het hulle op Oukersaand daaraan herinner dat Christus die lig vir die wêreld is. Die boom en die piramide het mettertyd een geword en kyk, 'n boom met liggies wat sê Christus het die Boom van die Lewe geword.

Vandag herinner die boom ons ook daaraan dat Christus gekom het nie net om sy mense nie, maar sy hele skepping en natuur te verlos. Die kersboom is dus ook vir ons 'n ekologiese simbool.





GELUKWENSE

DESEMBER

28

VERJAARSDAE

Rian van Zyl

JANUARIE

07

Hannes Coetzer

15

Wihan van Zyl

17

Willie van Zyl

21

Zelda Botha

22

Zander Coetzer

23

Marcel van In

27

Hanno Kukard

27

Miemie van der Linde

HUWELIKSHERDENKINGS

JANUARIE

16

Kobus & Zelda Botha

30

Frans & Miemie van der Linde (50ste)



BETERSKAP WENSE

- CARINE VAN IN se operasie is uitgevoer. Ons bid jou 'n spoedige herstel toe.
- André van Niekerk se broer was in die hospitaal, ons vertrou dat dit beter gaan met hom.
- Aan Ansa Jackson, ons hoop die lange werk saam dat jy spoedig beter voel.
- Sterkte ook aan almal wat siek is waarvan ons nie bewus is nie. Mag julle gou beter voel.

INKLEURTYD





WAAR KOM KERS- VADER VANDAAN?

Waar kom Kersvader vandaan? Kersvader se Amerikaanse eweknie, Santa Claus, se naam is afgelei van Sint Nikolaas. Hierdie heilige is gebore in die Midde-Ooste in die vierde eeu n.C. Hy het die biskop van Myra (vandag Kale) naby Turkye geword.

Daar is baie legendes wat vertel word oor sy liefde vir kinders, sy vriendelikheid en die wonderwerke wat rondom hom plaasgevind het. Die beroemdste storie oor hom verklaar 'n paar kersfeesgebruike. Dit vertel van 'n arm man wat drie dogters gehad het. Hulle wou trou, maar kon nie, omdat hulle pa nie genoeg geld gehad het vir 'n bruidskat vir elkeen nie.

Sint Nikolaas was 'n skaam man en wou nie sommer gaan geld gee nie. Toe die eerste dogter wou trou, het die goeie biskop 'n sakkie goud in die nag by 'n venster ingegooi. Later het hy dieselfde gedoen toe die tweede dogter wou trou. Met die derde dogter op trou, het die arm man besluit hy moet net uitvind wie is die goeie weldoener. Hy het waggehou in die nag en dit word vertel dat hy die biskop gesien het toe hy hierdie keer op die dak geklim het en 'n sakkie goud in die skoorsteen afgegooi het. Die sakkie goud het hierdie keer binne-in 'n sokkie geval wat in die vuurherd gehang het om droog te word. En siedaar, die kerskous! Sint Nikolaas het die vader natuurlik gevra om dit geheim te hou, maar hy kon nie.

Vandag word die geskenke toegeskryf aan Sint Nikolaas. Die stories het versprei na ander lande. Dit was in die Laplande, tuiste van die rendiere, waaraan Sint Nikolaas, 'n slee en rendiere geheg is.





MAKLIKE VRUGTEKOEK VIR KERSFEES

Benodigdhede:

225g botter (gesmelt)
4 eiers
1 koppie suiker
2 koppies koekmeel
1½ teelepel bakpoeier
150ml rum
120g rosyne
350g versuikerde droë vrugteblokkies (of jou eie mengsel, as jy gedroogde “cranberries” en/of pynappel het, is dit net so lekker om by te voeg)

Metode:

Week oornag die rosyne in die rum. Gooi die geweekte rosyne en rum deur ‘n sif en hou die rosyne apart. Die rum word later oor die koek gegooi.

Stel die oond op 250°C. Smeer ‘n koekpan met botter en bestrooi met meel (of sit ‘n laag bakpapier onder in die pan).

Klits die botter en suiker saam tot glad. Voeg die eiers by en klits weer tot glad.

Vou die koekmeel en bakpoeier in – meng net totdat dit glad is.

Roer die rosyne saggies met ‘n spatula in die deeg en doen dan dieselfde met die ander droë vrugte.

Gooi die deeg in die pan. Plaas die pan in die oond en verminder die hitte van die oond na 180°C. Bak vir 1 uur.

Sodra ‘n kors bo-op die koek vorm, maak ‘n snit in die lengte van die koek net bo deur die kors. Plaas terug in die oond om verder te bak.

Wanneer klaar gebak na 1 uur, laat die koek afkoel. Gooi dan die rum bo-oor die koek. Versier die koek soos jy daarvan hou of plaas net kersies en neute bo-op vir versiering.

Baie maklik en baie lekker. Jy kan ook sjerrie in plaas van rum gebruik.



LAG 'N BIETJIE



Wanneer manlief wil visvang en
vroulief wil kamp...



Ek wonder hoe kan ek geld wat in
my gedagtes is, na my bankrekening
oordra.....

Gaan vanaand my hoender slag vir die
braai..... Enige resepte?



Vandag soek ek n
man wat my trane sal
afvee met sy
bankkaart, en vir my
moed sal inpraat met
sy PIN.

**DIS MOEILIK OM VIR
JOU MAN IETS TE KRY**
@boontasties
**VIR KERSFEES,
AS JY WEET DAT HY
ALLES GEKRY HET,
TOE HY JOU TROU**

**WAT IS DIE
VERSKIL TUSSEN 'N
MAN EN SY VROU?**

Die een kan goed
bestuur en die ander
een is die bestuurder

DIE SKULD IS BETAAL



Ons kom by die Hemelse mark om geskenke
te koop, Geduld en Liefde is op die
rak, so ent verder is daar Meegevoel,
Wysheid en Geloof terwyl die
Heilige Gees oral te kry is, Redding en
Genade is gratis, toe ek wou betaal
sit iemand Gebed en Vrede ook by.
Ek vra wat skuld ek? Jesus sê..nee my
kind alles is gratis, want Ek het reeds
die Prys Betaal !! Geseënde Kersfees.



‘N TERUGBLIK OP 2020

Januarie 2020 het goed afgeskop, almal was opgewonde om ‘n nuwe jaar te begin, het baie planne vir die nuwe jaar gehad en het nie eens daaraan gedink dat die planne nie tot uitvoer sou kom nie. So het ons eerste kamp by Weltevrede Vakansie-oord die naweek van 24-26 Januarie plaasgevind. Ons was slegs 9 woonwaens, maar ons het ‘n hond uit ‘n bos gekuier.



Die waens was in ‘n ry onder die afdakke ingetrek en ‘n lang onderdak stoep is gevorm. Mens hoef mos nie by Weltevrede “canopies” op te slaan nie, jy haak af en staan, lekker. Twee woonwaens, Jacques en Leon, het ‘n bietjie laat ingekom (maar agteros kom ook in die kraal) en moes toe in die agterste ry inval. Hulle het toe maar die hele tyd besoek afgelê op die stoep.

Die Vrydagmiddag het Johan en Henry pannekoek gebak vir ‘n bestelling van 110 pannekoekes (vir slegs 9 woonwaens). Die uwe moes die deeg aanmaak, ‘n hele paar keer moes dubbel dosisse deeg aangemaak word. Dit was groot pret en harde werk.



Daar was reeds sprake van die Corona-virus, maar ons het ons nie veel daaraan gesteur nie, dit was nog nie in Suid-Afrika nie.

Februarie was die Corona-virus nog steeds net oor die see. Ons kampnaweek 21-23 Februarie by Sionbergh was 'n heerlike kamp. Hierdie keer was ons 10 woonwaens, maar nog steeds het ons lekker gekamp terwyl sommige probeer visvang het.



Maart het die Corona-virus met 'n vliegtuig hier aangekom en almal wat vir die skoolvakansie sou weggaan moes van hul planne afsien. Dít wat reeds vertrek het, moes vinnig weer oppak en terugkom want die grendeltydperk het op 27 Maart begin. En daar sit ons, alle saamtrekke is verbied, die Presidente-saamtrek vind nie meer plaas nie. Ons kon net hoop dat ons darem teen einde April weer sou kon kamp. Min het ons geweet

So het 'n paar weke 'n paar maande geword waarin baie dinge gebeur het. Baie hartseer, min vreugde. Toegesluit – geen bederfies, geen kuiers (behalwe die wat so skelmpies gedoen is wanneer die verlange na vriende, familie en kinders te erg raak). Inkopies doen was 'n straf (ek sou dit nooit voorheen kon glo dat ek nie sou wou gaan inkopies doen nie).

Hoe dit ook al sy, teen **Mei** was ons darem baie lus vir kamp en 'n Corona "Lock Down" Maskerkamp word gereël vir die naweek van 8 – 10 Mei. Die

doel was om herinneringe vas te vang waarna ons oor 'n paar jaar weer kan kyk en kan saamlag of saamhuil. So iets sal dalk nie weer in die toekoms gebeur nie, wie sal weet (ons hoop nie so nie). 13 Woonwaens en 1 tent het aan hierdie Maskerkamp deelgeneem.



Gedurende **Augustus** vind die Algemene Jaarvergadering van Streek Vaalrivier - soos al die ander streke s'n - virtueel plaas. 'n Nuwe bestuur word verkies deur middel van die nominasies wat ontvang is. Ons is nou al so gewoond om alles agter slot en grendel te doen dat dit ons nie eers meer depressief maak nie.



Gedurende September word die grendeltydperk ietwat gelig na Vlak 1 en ons laat geen gras onder ons voete groei nie. Dadelik word 'n Lentekamp gereël by Sionberg vir die naweek van 2-4 **Oktober**. Sjoë, dit is seker hoe dit moet voel om uit die tronk vrygelaat te word.

21 Woonwaens daag by Sionbergh op. Ons maak 70+ hamburgers vir die Vrydagaand terwyl die wind al die verkeerde gedagtes uit ons wegwaai. Maar niemand kla nie, solank ons tog net weer kan kamp.



Noudat ons weer gevoel het hoe lekker kamp is, maak ons sommer dadelik planne vir ons volgende kamp by Bloekompoort die naweek van 30, 31 **Oktober en 1 November**. 23 Woonwaens daag op. Hoe lekker was dit nie om so baie geesdriftige kampeerders te sien nie.



Ons eet Kekkelbekburgers Vrydagaand terwyl dit lekker reën. Ons speel “Bottelskei” Saterdag en Sondagoggend eet ons heerlik ontbyt by die oord se eetsaal. Daarna preek Pastoor Israel Dibate vir ons. Man, elke kamp raak net lekkerder en lekkerder. Zandry verdien ‘n boeboeplaatjie wat hy by die volgende kamp ontvang, die eerste boeboeplaatjie in ‘n baie lang tyd. Jy het die ys gebreek, Zandry!!



En toe kom die “cherry” op die koek!! Ons Kerskamp en somer daarmee saam Streek Vaalrivier se 40e verjaardagvieringe by Koppisol die naweek van 27-29 **November**. Was dit nou ‘n lekker makietie! Ons was hierdie keer 22 woonwaens maar ons het gejol soos 220 woonwaens nie kon doen nie! Reg deur Saterdag tot laatnag was dit net ‘n fees, vir die kleinspan, die grootspan en die ouspan (of hoe Frans – op 72 die flinkste danser)?



Vaalrivier-vriende, soos ons ál hierdie afgelope kampe geniet het, is dit ons wens dat 2021 se kampe ook met dieselfde geesdrif bygewoon sal word en dat ons met elke kamp net meer en meer lede teenwoordig sal hê. Kom geniet die naweke saam met ons en ontspan terwyl ons alles doen wat ons nie ander naweke doen nie – kamp, en nog kamp. Ons sien graag al ons lede by 2021 se kampe !! Kom kyk self hoe ons dit geniet en geniet dit dan saam.



Wanneer ons vandag
aansit vir 'n feesmaal,
laat Jesus die eregas
wees, want so lief het
Hy ons gehad, dat Hy
mens geword het en
gekom het om al ons
skuld op Hom te neem!

Geseënde kers-
dag en mag
die vrede van
Jesus julle
harte vandag
vul!

Elma



Mag vrede jou Kersgeskenk wees
en jou seëning deur die jaar.
Beste wense vir die Kers Seisoen

KOM DROOM SAAM

Na aanleiding van al die pret en plesier in TERUGBLIK OP 2020, wil die bestuur graag die volgende aangeleentheid onder AL ONS LEDE se aandag bring:

Tydens die Kongres in Oktober 2020 is 'n besluit geneem - wat uitgevoer moet word deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) - rakende die SAWA Grondwet. SAWA se NUB kan dus, ingevolge die Kongres se besluit, SAWA se Grondwet verander.

Ons moet ons toekoms in ag neem en nou aksies in plek sit om SAWA in die regte rigting te bly stuur. Hierdie oefening vra insette vanaf lede en streke om die NUB in staat te stel om die nodige verandering aan te bring om die grondwet en die administratiewe reëls daarvolgens te rig.

'n Werksdokument is saamgestel en kan gebruik word om insette te gee vir veranderinge aan die Grondwet van SAWA.

KOM DROOM SAAM is die werksdokument, opgedeel in 6 bladsye:

Bladsy 1: Slaan jou pen in die grond:

- Hierdie bladsy word gebruik om jou ideale toekoms vir SAWA te stel. Jou visie kan die ledetal vir die streek wees, finansiële of watter visie jy ookal het.

Bladsy 2: Proses van inskakeling:

- Deel ons mee wat jou ervaring was toe jy by SAWA aangesluit het en gee idees wat gedoen kan word om lede te werf.

Bladsy 3: Ledetal oor die afgelope 10 jaar:

- SAWA se totale ledetal toon vir 'n geruime tyd 'n dalende tendens. Daar is slegs 'n geskatte 50 % van SAWA-lede wat aktief betrokke is by kampe.

Bladsy 4: SAWA se samestelling is besig om te verander:

- Vanaf 2019 is die seniors die meerderheid in SAWA en die seniorsgetalle groei steeds baie vinnig.

Bladsy 5:

Voorstelle vir verandering:

- Met die voorafgaande data, gee voorstelle vir verandering.
- As jou streek goed doen, kan jy van mening wees dat geen verandering nodig is nie.

Bladsy 6:

Toekomsperspektief:

- As ons sou voortgaan soos dit tans is, hoe gaan ons vorentoe lyk?
- Moet die grootte van streeksbesture verklein/vergroot word?
- Moet die grootte van gebiedsbesture verklein/vergroot word?
- Is die dagbestuur nog relevant?
- Is dit nodig vir so 'n groot aantal mense om 'n kongres by te woon?

Insette sal by die oop NUB gedurende Februarie te Bloekompoort bespreek word. Lede kan hul insette direk aan SAWA Hoofkantoor stuur maar verkieslik moet dit deur die streek- en gebiedsbesture na die NUB vloei. Kontak enige bestuurslid indien daar enigiets onduidelik is of vir meer inligting. Lede se kommentaar en/of voorstelle sal waardeer word. Dit is nou die geleentheid om sekere areas van SAWA te verander/verbeter met voorstelle vir oorweging.



DIE HERE IS GETROU (2 Tessalonisense 3:3)

Sommige veldblomme groei altyd met hul gesigte in een rigting gedraai: na die son toe. En as jy jou gesig ook na die son toe draai, sal jy nie hul helder, treffende skoonheid kan sien nie. *Jy moet omkyk om hul prag te sien.*

Wanneer jy nog 'n heuwel op jou pad oorsteek – jou oë gerig op die Seun en die pad voor jou, aangedryf deur die momentum van nog 'n dolle jaar – kan jy dalk... net 'n oomblik gaan staan. En omkyk. Want as jy aanhou om net die een voet voor die ander te sit om die jaar goed af te sluit, sal jy dalk sukkel om die sin in alles te sien. Jy los agter jou die jaar se oppe en affe en die lewe wat op fantastiese en uitmergelende en teleurstellende en verrassende maniere gebeur het. Maar die skoonheid daarvan – die geloof dat God dit alles sal gebruik tot Sy eer en tot jou beswil – sal jy miskyk.

Gaan staan 'n oomblik. Draai om sodat jy die toneel agter jou kan sien. Daar is oorwinnings, oortuigings, avonture, 'n vrolike gelag en drukkie, alles aaneengestring in kleurvolle minute en maande. God kan onmeetlik baie meer doen as wat ons kan bid of dink (Efesiërs 2:10).

Hou aan stap. En kyk elke nou en dan om.



2021 KAMPPROGRAM



**Aangeheg is Streek Vaalrivier se jaarprogram
soos beplan vir 2021.**

DATUM VAN SAAMTREK	NAAM VAN OORD
29-31 Januarie	Soetdoring Vakansieplaas
26-28 Februarie	Weltevrede Vakansie-oord
19-21 Maart	Bloekompoort
2-5 April	Klipdraai (Presidente Saamtrek)
30 April-2 Mei	Tava Lingwe Game Lodge
28-30 Mei	Umfula Resort
25-27 Junie	Emanzini Country Resort, Vrede
30 Julie-1 Augustus	Sionbergh Kamp
27-29 Augustus	Koppisol Vakansie-oord (AJV)
23-26 September	Bush Inn (Nasionale saamtrek)
29-31 Oktober	Westvaal
26-28 November	Bloekompoort (Kerskamp)

NUWEJAARSWENSE - 2021



In hierdie laaste dae van 2020 kan ons net dankbaar wees vir die genade en seën wat ons van God ontvang het deur die jaar. Daar was tye wat ons gewonder het hoe ons dit sal regkry om deur hierdie moeilike jaar te kom maar Sy genade het ons deurgedra. Ons lewe, ons is gesond en ons weet daar is mense wat vir ons omgee. Ons weet daar is 'n doel vir ons lewe, daarom twyfel ons nie daaraan dat daar wel lig aan die einde sal wees nie.

Die bestuur van Streek Vaalrivier wens almal 'n baie voorspoedige 2021 toe. Laat ons die nuwe jaar met dankbaarheid en geloof ingaan.

- REDAKSIE

NEW YEAR PRAYER:

Thank You Lord for giving me
The brand new year ahead.
Help me live the way I should
As each new day I tread.
Give me gentle wisdom
That I might help a friend,
Give me strength and courage
So a shoulder I might lend.
The year ahead is empty,
Help me fill it with good things
Each new day filled with joy
And happiness it brings.
Amen.